

### **Sing vooraf staande: Psalm 91:1, 2 (p. 460)**

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 2 Daar's nette, waar jou voet ook gaan, / soos van die voëlvanger;  
uit donker plekke waai jou aan / 'n stroom van pesdamp swanger.  
Maar eewige vleuels sweef oor jou, / geruis van reusevlerke;  
rondom jou is Gods eewige trou, / die harnas van die Sterke.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

### **Amen.**

### **Loflied: Psalm 150:1, 3 (p. 719)**

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!  
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!  
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid  
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!  
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!  
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,  
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

### **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

#### **Wet**

### **Psalm 142:1, 3, 4 (p. 686)**

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;  
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar's niemand wat my nou wil ken;  
Daar's nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 4 Wat dan? Ek wend my tot U heen; / U is my skuilplek, U alleen.  
U is, so lank ek leef, my deel, / dié God aan wie ek my beveel.

#### **Gebed**

### **Psalm 30:3, 5 (p. 138)**

- 3 Sing nou, Gods gunsgenote, bly, / 'n danklied aan die HEER gewy.  
Spreek lof, bring in gedagtenis / sy Naam wat hoog en heilig is!  
Al laat Hy ons 'n oomblik bewe, / sy goedheid duur ons ganse lewe.
- 5 Ek het gesê in voorspoedstyd: / “Ek wankel nie in ewigheid.”  
Want, HEER, u guns het my bewaak, / U het my rotsberg vasgemaak.  
Maar sluit U net vir my u oë – / dan beef my berg, van skrik bewoë.

**Skriflesing:** Lukas 9:23-27, 51-62

**Kernverse:** Lukas 9:57-62

**En terwyl hulle op reis was, sê iemand op die pad vir Hom: Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan! Toe sê Jesus vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.**

**En Hy sê aan 'n ander een: Volg My. Maar hy antwoord: Here, laat my toe om eers my vader te gaan begrawe. En Jesus sê vir hom: Laat die dooies hul eie dooies begrawe; maar gaan jy en verkondig die koninkryk van God.**

**En 'n ander een het ook gesê: Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van die wat in my huis is. En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.**

(Lukas 9:57-62 AFR53)

**Tema:** 'n Dissipel volg Jesus doelgerig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wat beteken dit nog vir jou en my om 'n Christen genoem te word? Party sal hierop antwoord dit beteken om in die Here Jesus Christus te glo. Party sal sê dit beteken om 'n lidmaat van 'n kerk te wees. Ander sal weer sê dit beteken jy lees soms Bybel en bid so af en toe. Ander sal die skouers ophaal en sê: Ek weet nie regtig nie, seker maar om eendag hemel toe te gaan.

Ons het verlede Sondag stilgestaan by die drie mense se verhouding met Jesus – dié van die mense van Gerasa, dié van Herodes en dié van die besetene. Vanoggend lei die Heilige Gees ons om verder te hoor hoe Jesus hê wil dat ons verhouding met Hom sal wees. Die Heilige Gees lei ons om te begryp wat dit behels om in ons lewe van elke dag 'n dissipel van Jesus Christus te wees sodat ons uiteindelik ook ander mense deur ons lewe nader aan Christus kan trek om ook dissipels van Hom te wees.

Vandag het dit iets van 'n mode geword om te praat van dissipel wees van Jesus en om ander mense te begelei om ook dissipels van Jesus te wees. Vir ons eenvoudige gelowiges klink dit so half hoog. Dit klink vir ons so asof hierdie mense daardie geestelike trappie hoër is as ander gelowiges wanneer hulle sê dat hulle dissipels van Jesus is. Dan voel ons gewone gelowiges so 'n bietjie verwyderd van hulle en soms 'n bietjie minderwaardig, want hulle is darem so 'n bietjie beter as ons – hulle is dissipels van Jesus.

Broers, susters en kinders, ons moenie minderwaardig voel nie. Om 'n dissipel van Jesus te wees is tog niks anders as om 'n ware gelowige, 'n Christen, te wees nie. En ons weet tog wat 'n Christen is? Ja, dit is iemand wat in Jesus Christus glo. Maar blaai weer na Sondag 12 van ons Kategismus. Ons bely ons word Christene genoem omdat ons deel het aan die salwing met die Heilige Gees wat Jesus Christus ontvang het. Deur die werking van die Heilige Gees in ons wat glo, word ons konings, priesters en profete van die Here gemaak. Dit beteken, en nou moet ons aandagtig luister, dieselfde Heilige Gees wat in Jesus Christus is, is nou in ons wat Christene is. Ons is op 'n besondere wyse aan en in Jesus Christus verbind sodat ons in ons lewens dieselfde is en doen wat Christus in sy grootheid as Seun van God is en doen. Christus is ewig Koning, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Profeet. Onder die heerskappy van die Heilige Gees is ons konings, priesters en profete.

Met die naam *Christen* sê ons daar is 'n hegte en intieme verhouding tussen ons en Christus. Ons het saam met Christus dieselfde Heilige Gees. Dit beteken verder dat die Heilige Gees ook in ons besig is om ons aan die beeld van Jesus Christus gelyk te maak. Hy lei ons om Christus na te volg deur konings, priesters en profete te wees. Hy wil ons so gelyk maak aan die beeld van Christus dat ander mense Christus in ons lewens sal raaksien en na Hom toe kom.

Aangesien ons almal wat vanoggend hier is sê dat ons Christene is, aangesien ons in Jesus Christus glo, is dit nodig om weer te hoor wat dit behels om Jesus te volg. Aangesien ons vanoggend nagmaal wil vier en die Heilige Gees ons deur die tekens van brood en wyn nog meer met Christus se geseënde liggaam gaan verenig, is dit nodig dat ons behoorlik sal weet wat dit beteken om Jesus te volg. In ons kernverse bring Jesus ons voor die toets van Christen wees. Ons moet daarby uitkom om te weet hoe eg ons Christenskap of dissipelskap is.

In vers 23 het Jesus gesê wat die eis van dissipelskap is:

**As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.** (Lukas 9:23 AFR53)

Iemand wat sê hy volg Jesus sê daarmee dat hy 'n Christen is, en sê ook dat hy homself met Jesus vereenselwig. Hy leef in so 'n hegte verhouding met Jesus dat hy in sy woorde en werke Jesus op die voet volg. Dan beteken dit dat jy jousef gaan verloën, jou kruis dra en Jesus elke dag volg. In ons kernverse het Jesus 'n gesprek met drie mense waarmee Hy duidelik maak wat dit behels om jousef te verloën.

Die eerste een kom en sê met groot opgewondenheid vir Jesus:

**Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan!** (Lukas 9:57 AFR53)

Dit is 'n baie bewonderenswaardige ding om te sê: Ek sal U volg waar U ook al gaan. Uit Jesus se antwoord op hierdie man se gewilligheid lei 'n mens af dat hy voortvarend was toe hy dit gesê het. As Jesus vir hom sê:

**Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie** (Lukas 9:58 AFR53),  
sê Jesus: Jy moet mooi dink wat jy nou sê. Het jy die koste van dissipelskap bereken?

Volgens Matteus was hierdie man 'n skrifgeleerde (Matt 8:19). En uit die Bybel leer ons die skrifgeleerdes ken as mense wat nie regtig 'n tekort aan aardse middele gehad het nie. Om die waarheid te sê, hulle het nogal lekker gelewe. Die Samaritane het so pas geweier om aan Jesus blyplek te gee in hulle dorp en nou kom sê hierdie man wat aan 'n gemaklike lewe gewoond is dat hy Jesus sal volg waar Hy ook al gaan. Vir hom sê Jesus: Onthou, as jy agter My aan wil kom, bestaan die moontlikheid dat jy nie meer so gerieflik sal kan lewe as waaraan jy gewoond is nie. En dan sny Jesus deur tot op dit wat mense vandag beskou as een van die basiese menseregte, naamlik om 'n blyplek te hê. As jy My volg waar Ek ook al gaan, moet jy bereid wees om die gemaklike lewe waaraan jy gewoond is prys te gee.

Wanneer Jesus van Homself as die Seun van die mens praat, beklemtoon Hy wat Hy alles prysgegee het om na hierdie wêreld toe te kom en mense los te koop van die sonde sodat hulle kinders van sy Vader kan wees. Jesus het sy eer en heerlikheid wat Hy het as God nie gesien as iets waaraan Hy moes vasklem nie. Hy het Homself verneder om 'n mens te word tussen sy mense. Hy het die rykdom van eer en heerlikheid vir 'n tyd lank neergelê om arm te word sodat die mense wat Hy kom verlos ryk kan word aan die genade van

God. Vir hierdie man wat gewoon was aan 'n lekker lewe sê Jesus: Jy moet bereid wees om te lewe soos een wat niks het, nie eers 'n blyplek nie.

Aangesien Jesus op pad was Jerusalem toe en hierdie skrifgeleerde Hom herken het as die beloofde Messias, die Gesalfde van God, het hy ook vanuit sy agtergrond gedink dat Jesus in al sy glorie en heerlijkheid Jerusalem sal binnegaan. Jesus sê: Nee, as jy My volg, is daar nie eer en glorie vir jou nie. Inteendeel, ongemak is jou voorland.

Geliefdes, selfverloëning en die kruis wat ons moet dra, beteken nie dat ek nou van my huis moet ontslae raak nie. Die Here roep ons nie tot onverantwoordelikheid nie, maar tot 'n verantwoordelike keuse. Net een voorbeeld van ons weelde en gemak. Ons het so gemaklik word met die tyd wat ons het dat ons al begin maak het asof ons reg het op ons eie tyd. Ons wil nie graag op 'n Sondagmiddag of -aand met ander mense te doen hê nie, want dit is ons tyd. Dan rus ons snoesig in ons eie huis tussen ons eie mense. Ons moet hard werk in die week en Sondag is die enigste dag waarop ons kan rus.

Jesus sê: Ek het nie eers 'n rusplek vir my kop nie, en julle sê julle volg My waar Ek ook al gaan. As ons Jesus dan volg, hoekom ontsê ons onself dan nie die gemak van 'n sagte bed op 'n Sondagmiddag om 'n eensame bejaarde te besoek en die liefde van Christus met daardie mens te deel nie? Die weelde van tyd is nie vir ons om te besit en net tot ons eie voordeel te gebruik nie. Tyd is 'n geskenk uit die hand van die Here wat ons produktief moet gebruik om Jesus te volg.

Die tweede persoon met wie Jesus 'n gesprek het, word deur Jesus self geroep:

**Volg My.** (Lukas 9:59 AFR53)

Hierdie man is nie onwillig om Jesus te volg nie. Hy sal Jesus volg, maar nie nou dadelik nie. Hy wil net eers sy pa gaan begrawe en dan sal hy Jesus voluit kom volg. Jesus se antwoord op hierdie jongman se versoek, klink vir ons kras:

**Laat die dooies hul eie dooies begrawe; maar gaan jy en verkondig die koninkryk van God.** (Lukas 9:60 AFR53)

Ons moenie dink dat Jesus ongevoelig is oor hierdie jongman se versoek nie. Om iemand nie te begrawe nie, was beskou as 'n oneer wat iemand aangedoen is. Jesus se Vader het dit soms selfs as oordeelsvonniss gebruik in die Ou Testament teenoor die goddelose Isebel wat sy volk tot afgodery verlei het. Vir hierdie jongman het die versorging van sy pa wat nou al oud was en die uiteindelijke begrafnis van sy pa as hy sterf beskou as gehoorsaamheid aan die Here se wet. Jy moet mos jou vader en moeder eer.

Jesus weier die jongman se versoek, want daar is ander mense wat na hierdie belangrike taak kan omsien. Daar is ander mense wat sy pa in sy ouderdom kan versorg en uiteindelik begrawe. Die jongman moet dit vir die ander mense los om te doen, want Jesus het hom geroep om Hom nou te volg en die koninkryk van God te verkondig.

In hierdie gesprek is daar drie moontlike verleidings wat dreig om ons te keer om die Here Jesus te volg. Ons word verlei om te dink om dissipel van Jesus te wees is iets wat ons sommer so los en vas kan doen, sonder dat ons regtig naby aan Hom hoef te kom en onself doelbewus en aanhoudend aan Hom hoef oor te gee. As Christene volg ons Jesus, maar ons kom net nie te na aan Hom nie, want ons het nog eers belangriker dinge om te doen. Sodra ons dit afgehandel het, sal ons Hom met volle oorgawe volg, maar nie nou al nie.

Ons word verlei om wat ons weet ons plig is eers uit te stel. Wanneer ons eers gedoen

het wat ons meen belangrik is, wanneer ons eers na ons gesin omgesien het, wanneer ons kinders eers versorg is en hulle eie werk het, dan sal ons daaraan begin dink om voluit Christen te wees. En kort voor lank kom ons agter die tyd is verby, want ons het onself in die teenswoordige tyd bedrieg.

Ons word verlei om te dink dat ons plig teenoor ons naaste familie ons verskoon van ons plig teenoor Christus. Ons moenie eers daaraan dink om een gebod van die Here self voor te hou as 'n verskoning om die Here te gehoorsaam wanneer Hy ons nou roep nie. Die Here sal nie een opdrag gee sodat ons 'n ander gebod van Hom oortree nie. Hy sal sorg dat ons al sy gebooië nakom. Hy sal mense stuur om so 'n belangrike saak soos 'n begrafnis te behartig terwyl ons besig is om Jesus te volg.

Die Here toets die egtheid van ons Christenskap, ons navolging van Jesus. Gaan ons ook sy eie gebooië teen Hom hou as 'n verskoning om nie nou te doen wat Hy van ons vra nie? Maar wat nog erger is, broers, susters en kinders, ons kan tog so maklik dinge wat onbelangriker as 'n begrafnis is voorhou as 'n verskoning om nie ons Christenskap uit te leef nie.

Die derde persoon het nadat hy alles gehoor het vir Jesus gesê:

**Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van die wat in my huis is.** (Lukas 9:61 AFR53)

Hiermee sê hy dat hy regtig begeer om Jesus te volg, hy sien kans om ongemak te belewe en hy het afgelei dat hy miskien ook kan sterf wanneer hy Jesus Jerusalem toe volg. Miskien sal hy sy familie nie weer sien nie, daarom vra hy om net gou sy familie te gaan groet. Hy gaan darem nie so lank uitstel soos die tweede man wat eers sy pa wil begrawe nie.

Met die antwoord wat Jesus hom gee, kom 'n mens agter dat hierdie man se familie nogal swaar op sy hart druk. Al laat Jesus hom toe om eers sy familie te gaan groet, sal hy steeds aan hulle bly teruggedink terwyl hy Jesus kom volg. Hierdie man sal Jesus volg, ja, maar hy sal dit doen met verdeelde aandag. Hy sal nie gefokus die werk kan doen nie. En daarby loop hy ook nog gevaar om deur sy familie omgepraat te word om nie agter Jesus aan te gaan nie.

**Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.** (Lukas 9:62 AFR53)

Deur sy omkykery gaan sy ploegwerk maar 'n gebrou wees. Hoe sal daar gesaai kan word in die grond wat so verbrou is.

Wanneer ons sê dat ons Christene is en Jesus volg, kan 'n mens dit nie halfhartig doen nie. Ons moenie volg en in die tussentyd dink ons nog terug aan dinge of plekke waar ons nog graag sal wil kom of wees nie. Al ons aandag moet gefokus wees op Jesus ons Leidsman wat voor ons loop. Daarom moet ons onself met beslistheid losmaak van die dinge wat ons aandag wil aftrek van Jesus en van die werk wat Hy ons gee. Ons sal die werk wat ons moet doen dan net verbrou. Dit is soos wanneer ons graag met mekaar saamkom om oor die Here en ons verhouding met die Here te praat, maar intussen is die een in sy gedagtes ook besig om te dink aan wat hy nog moet gaan doen. Die tyd wat ons dan met mekaar deurgebring het, is vermorste tyd. Of dit is soos wanneer die ouderling of predikant huisbesoek doen, maar ons gedagtes is tydens die huisbesoek met ander sake besig en ons hou heelyd die horlosie dop. En indien dit die ouderling of predikant is wat tydens huisbesoek so gedurig op die horlosie kyk, sal jy by wie huisbesoek gedoen word,

dink dat die ouderling of predikant nie regtig vir jou omgee nie, want dit lyk asof hulle so gou as moontlik weer wil teruggaan na waar hulle vandaan gekom het. Hulle aandag is dan ook nie voluit by Jesus en sy opdrag nie. Om gefokus in die koninkryk van God te werk beteken dat ons volle aandag by die werk moet wees wat ons nou doen anders mors ons alles net op.

Broers, susters en kinders, Jesus sê met hierdie toets nie dat ons moet omdraai nie. Hy wil nie hê dat hulle wat hulleself met Hom vereenselwig van Hom af moet weggaan nie. Met die Heilige Gees en sy Woord lei Hy ons om self te oordeel hoe eg ons Christenskap is. Hoe eerlik en opreg ons is wanneer ons Hom volg. Indien weelde en gemak ons daarvan weerhou om Hom doelgerig te volg, moet ons vandag smeeke dat die Heilige Gees ons sal help om daarvan af te sien. Indien ons belangrike sake, selfs geboorte van die Here, voorhou as 'n verskoning om Hom dadelik doelgerig te volg, moet ons vandag vergifnis vra en doen wat die Here nou van ons verwag. Indien ons aandag verdeeld is, moet ons vra dat die Heilige Gees ons sal help om onself los te maak van die dinge wat agter is sodat ons kan fokus op wat die Here ons gee om te doen.

Die Heilige Gees herinner ons vanoggend met die nagmaal weer hoe gefokus Jesus ons Verlosser sy opdrag hier op aarde kom uitvoer het. Doelgerig het Hy sy Vader gehoorsaam sodat ek en jy verlos kan wees en vanoggend weer kan bely dat ons die Here doelgerig gaan volg waarheen Hy ons lei. Ons gaan gefokus die opdrag uitvoer wat Hy ons gee.

## **Amen!**

### **Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18:5, 6, 7, 8)**

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoed is en so swaar belas,  
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,  
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.  
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;  
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

### **Formulier vir die viering van die heilige nagmaal**

#### **Psalm 65:2, 3 (p. 314)**

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:  
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.  
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag  
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

### **Aan tafel: Skrifberyming 5-4**

#### **Met die terugbeweeg: Psalm 84 (p. 424)**

#### **Slotpsalm 25:4, 6 (p. 116)**

- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;  
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.  
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;

wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
1 Maart 2015